**Erediens:** **6de Sondag na Trinitatis**
**Gelewer:** **7de Julie 2024 in Kroondal**
**Preekteks:** **Handelinge 8: 26-39**
**Prediker:** **Pastor Horst Müller**

**Lied van die Maand**: Vergiss nicht zu danken
**Brief:** Röm 6,3–8
**Lied van die week:** EG 200 Ich bin getauft auf deinen Namen 1-4
**Evangelie:** Matthäus 28, 16-20
EG 200: 5&6 Ich gebe dir, mein Gott, aufs Neue
EG 210: Du hast mich, Herr, zu dir gerufen (alle 5 Verse)

*26 'n Engel van die Here het vir Filippus gesê: "Maak gereed en gaan na die suide, met die pad wat van Jerusalem afwaarts loop na Gasa. Dit is 'n verlate pad." 27 Hy het toe gereedgemaak en vertrek. En kyk, daar was 'n man van Ethiopië, 'n eunug, 'n hoë amptenaar van die kandake, die koningin van die Ethiopiërs, wat in beheer van haar hele skatkis was en na Jerusalem gegaan het om te aanbid. 28 Hy was op pad terug, en het op sy wa die profeet Jesaja gesit en lees. 29 Toe sê die Gees vir Filippus: "Gaan nader en bly by daardie wa." 30 Filippus het nader gehardloop, hom die profeet Jesaja hoor lees, en gevra: "Verstaan u wat u lees?" 31 Hy het geantwoord, "Hoe sou ek kon, as niemand dit vir my verduidelik nie?" en Filippus genooi om op die wa te klim en by hom te kom sit. 32 Die Skrifgedeelte wat hy besig was om te lees, was (Jes. 53,7-8) : "Soos 'n skaap is Hy ter slagting gelei, en soos 'n lam wat stom is voor sy skeerder, so maak Hy sy mond nie oop nie. 33 In sy vernedering is regspraak Hom ontneem, en wie sal sy nageslag kan opnoem? Want sy lewe word van die aarde weggeneem." 34 Die eunug sê toe vir Filippus: "Ek vra jou, van wie sê die profeet dit – van homself of van iemand anders?" 35 Filippus het begin praat, en vanuit hierdie Skrifgedeelte die evangelie van Jesus aan hom verkondig. 36 Langs die pad kom hulle by 'n plek waar daar water is. Die eunug sê toe: "Kyk, water! Wat verhoed dat ek gedoop word?" 38 Hy het opdrag gegee dat die wa moet stilhou; en hulle het albei afgeklim tot in die water, Filippus sowel as die eunug, en hy het hom gedoop. 39 Toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus weggeneem; en die eunug het hom nie meer gesien nie, maar hy het sy reis met blydskap voortgesit.*

Liewe gemeente,
... *maar hy het sy reis met blydskap voortgesit!* Wát 'n sin! Hoe voel jy as jy oor jou doop nadink? Maak dit jou vrolik? Of dink jy eintlik nie daaraan nie?
Vandag, op die 6de Sondag na Trinitatis, is "doop" die onderwerp, en dit het reeds in Brief: Romeine 6:3-8 en Evangelie: Matteus 28:16-20 verskyn. Ek het die ekstra bonus, dat ek gister daaraan kon dink, hoe ek 66 jaar gelede gedoop is. In sommige kerke word die doopherdenking behoorlik gevier.
Maar hoekom dink die meeste van ons selde of nooit aan ons eie doop nie? En hoe is dit dat die kamerheer, die vreemde Afrikaan van Ethiopië, so bly daaroor geraak het?

**Waarom is die Ethiopiër so gelukkig?**

Hierdie man het ver gereis, om die God van Israel in Jerusalem te aanbid. Hy was nie ’n Jood nie. Teoreties kon hy 'n proseliet geword het - 'n nie-Jood, wat dan deur proseliet doop en besnydenis aan die Joodse gemeenskap kon behoort. Maar op die laatste, tydens hierdie besoek aan Jerusalem, moes hy vasstel, dat hierdie deur vir altyd vir hom gesluit sou bly. As 'n bediende van die Egiptiese koningin was hy gekastreer - werkvoorwaarde! En volgens die Joodse wet het 'n gekastreerde man geen moontlikheid om deel van die gemeenskap te word nie. Hy staan vir ewig, en onherroeplik, buite.
As ryk amptenaar kon hy bekostig om die Jesaja-skrifrol te koop – nie eens alle sinagoges het een gehad nie, wat nog te sê van privaat individue. Maar dit alles was van geen nut nie – hy was uitgeworpe. Vir altyd.
En toe, op die reis huis toe na Afrika, kom hierdie man, Filippus, en verduidelik vir hom dat Jesaja oor Jesus gepraat het. Hy vertel hom dat Jesus die Lam is, dat Jesus gewillig aan die kruis gesterf het, en hoe die Vader hom uit die dood opgewek het. Hy vertel, dat deur Jesus alle mense toegang het tot die Vader het, en hoe hierdie wonderlike daad van Jesus vir elke individuele persoon in die doop waar word.
Die Ethiopiër, wat tot dusver nog net verwerping ervaar het, vra baie versigtig: Wat verhinder my om gedoop te word? Watter struikelblok sal Philip nou in sy pad plaas? GEEN. NIKS verhoed dit nie! En dadelik, so te sê, ter plaatse, word hy gedoop. Nou is hy ook een van die nageslag, waarvan hy sopas in Jesaja gelees het - hy, wat eintlik nooit toegelaat is om te behoort nie, is nou nie 'n proseliet nie - amper deel daarvan - maar 'n afstammeling - deel van die familie! En daarom is hy so ontsettend bly. Daarom pla dit hom glad nie dat Philippus intussen verdwyn het nie. Hy is nie van Filippus nie, nie van 'n priester of van enige mens afhanklik nie. Jesus Christus is sy Here en Verlosser.

**Vreugde gaan oor genade.**
Die woord wat hier vir “vrolik” gebruik word, kom van die woord “genade”. Hierdie vreugde is nie dieselfde as, wanneer ek ná baie moeite uiteindelik met iets slaag nie – die atleet, wat oor die 2 meter-lat spring of die sokkerspan, wat die wedstryd wen. Dit is die vreugde van iets onverwags, onverdiend, of iets, wat jy gedink het onmoontlik is.
Is jy bly as jy aan jou doop dink, het ek gevra. As ek daaroor nadink, kan ek gelukkig wees. 2000 jaar gelede het Jesus aan die kruis gesterf en is toe deur die Vader opgewek. Destyds het Jesus gesê: Ek lewe, en jy moet ook lewe! Hy het destyds die Sending Opdrag gegee, wat ons in die Evangelie gehoor het. Alle nasies behoort die goeie boodskap te hoor. Destyds was my voorvaders heidene, ver van Jerusalem af. Hulle het ander gode gedien en in vrees vir hulle gelewe. Op daardie tydstip. Maar 66 jaar gelede is daar vir my, ’n verre afstammeling van hierdie heidene, gesê: “Horst, Jesus Christus het ook aan jou gedink toe Hy gesterf het. Jesus Christus is jou Verlosser. Wat 2000 jaar gelede in Jerusalem gebeur het, het jou bereik! Horst, jy is ook nou een van sy baie afstammelinge, ’n kind van God!” Ek het self niks daarvoor gedoen nie. Nie eers by my doop nie – my ouers het my toe gedra. En vandag weet ek: Ek is syne! Ek is in sy naam gedoop, ek is gedompel in Christus. Christus is my Here en Verlosser. Ek behoort daaraan! Daarom kan ek ook bly wees!

**Die doop het met die evangelie te doen**

Deur die eeue heen het die kerk die doop 'n onderwerp van twis gemaak. Sommiges beweer, dat die doop alleen genoeg is vir iemand, om gered te word, maak nie saak wat hulle glo nie. Onder hierdie begrip is mense in die Middeleeue "geproseliteer" en soms die keuse gegee: "Ons sal jou doop, of ons sal jou onthoof Die goeie boodskap van die verlossing is soms glad nie verkondig nie."

Ander beweer, dat die doop eers geldig is, as 'n mens eers die geloof bely, en daarom kan babas nie gedoop word nie. Enigiemand wat nie groot gedoop, of ondergedompel is nie, word nie gered nie. En nog ander beweer, dat enigiemand wat herdoop word, God laster. (In die tyd van die Reformasie is sommige Anabaptiste selfs deur Protestante op die brandstapel verbrand!)

Jesus het so te sê niks oor die doop gesê nie en ook niks verder verduidelik nie. Hy het beveel: Doop en leer om te behou wat Ek beveel het. En Hy het belowe dat deur die geboorte van bo – deur water en Gees – die mens vernuwe sal word (Joh. 3). Hy het oopgelaat hoe dit gebeur, en of geloof uit die doop groei, of tot die doop lei. Wat duidelik is, is dat die doop en geloof in Christus bymekaar hoort. Die volgorde maak nie saak nie.

Ons moet ophou om ons te bekommer, oor wie reg is, en by Filippus leer: die evangelie en die doop hoort bymekaar. Hulle blye boodskap is: Mense, wat geen reg het op God, op vergifnis, om kinders van God te wees nie, word deur Jesus Christus by die naam geroep en tot God se kinders gemaak!

Ek nooi jou uit, om vandag oor jou doop te dink en te bid: Dankie, Here Jesus, dat U my Verlosser is, dat U my op my naam geroep het, dat ek aan U behoort - maak nie saak wat ander sê nie, en om 't ewe, hoe dikwels ek self daaraan twyfel. U woord is geldig, U verlossing is geldig. Daarom kan ek ook blymoedig word. EK IS JOUNE!

Sit jou doopdatum op die kalender, en laat daardie dag 'n spesiale herinnering wees dat jy aan Jesus behoort!

Amen

Horst Müller, hmuller@nelcsa.net